higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

24 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1	L
1.1.2	I
1.1.3	M
1.1.4	J
1.1.5	O
1.1.6	N
1.1.7	E
1.1.8	C
1.1.9	A
1.1.10	D

(10 × 1) (10)

1.2

1.2.1	Waar
1.2.2	Waar
1.2.3	Waar
1.2.4	Waar

1.2.5 Onwaar – Eenbeentjie speel bevorder oog-voet-koördinasie

1.2.6 Onwaar – Die Adventure Bus-inisiatief word deur Grassroots aangebied.

1.2.7 Onwaar – ’n Fisioterapeut werk met liggaamlike probleme.

OF

’n Spraakterapeut werk met taalprobleme.

(10)

1.3

1.3.1	B
1.3.2	A
1.3.3	D
1.3.4	B
1.3.5	C
1.3.6	B
1.3.7	D
1.3.8	A
1.3.9	C
1.3.10	A

(10 × 2) (20)

1.4 1.4.1 Visuele onderskeiding

1.4.2
- Grootspier-ontwikkeling
- Ontwikkeling van grootmotoriese vaardighede
- Oog-voet-koördinasie (Enige EEN)

1.4.3
- Oogmotoriese beheer
- Ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede
- Oog-hand-koördinasie (Enige EEN)

1.4.4
- Oogdominansie
- Oog-hand-koördinasie (Enige EEN)

1.4.5
- Grootspier-ontwikkeling
- Ontwikkeling van grootmotoriese vaardighede
- Oog-voet-koördinasie (Enige EEN)

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Ontwikkelingsvlak: Morele en sosiale gedrag het ’n belangrike invloed op ’n kind se gedrag, bv. dit is normaal vir ’n tweejarige om ’n woedeaanval te kry, maar dit is nie geskikte gedrag vir ’n vyfjarige nie. Dit is normaal vir ’n eenjarige om aan alles te raak, maar nie vir ’n sesjarige nie.
- Die omgewing: Aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag word deur kinders aangeleer. Hulle reageer op hul omgewing en die mense daarin. Tydens interaksie met hul eweknieë en ander mense leer kinders gepaste gedrag in sosiale situasies. Hulle leer gedrag aan wat aanvaarbaar vir ander blyk te wees. Sodoende kan onaanvaarbare gedrag ook aangeleer word.
- Onrealistiese verwagtinge van kinders: Ouers stel soms te hoë standaarde vir hul kinders. Dit is belangrik dat ouers bewus is van hul kinders se ontwikkelingsvlak. Dit sal verhoed dat hulle onrealistiese verwagtinge koester. Kinders word dikwels met ander kinders in hul ouderdomsgroep vergelyk, maar hulle het nie noodwendig dieselfde potensiaal nie. Ongehoorsaamheid kan voorkom as die verwagtinge te hoog of te laag is.

Kopiereg voorbehou

- Gesondheidsprobleme: Kinders se gesondheid beïnvloed hul gedrag. Kinders kan nie verbaal verduidelik hoe hulle voel nie. Medikasie sal ook hul gedrag beïnvloed, bv. dit kan die kind hiperaktief of slaperig maak, wat hom/haar geïrriteerd kan maak. Opvoeders moet bewus wees van enige medikasie wat 'n kind neem en ook sensitief teenoor die kind se gesondheid wees.
- Allergieë: Kos kan 'n negatiewe uitwerking op kinders hê, bv. Coke en kleurmiddels in ander koeldrank maak kinders hiperaktief. Te veel lekkergoed en suiker veroorsaak dat kinders ooraktief en moeilik hanteerbaar raak.
- Aandag: Volwassenes is geneig om te reageer wanneer kinders iets verkeerd doen. Kinders kry dan die boodskap dat hulle hul moet wangedra om aandag te kry. Volwassenes moet ook aandag aan kinders se positiewe gedrag gee, sodat dit nie vir hulle nodig sal wees om ongehoorsaam te wees om aandag te kry nie.
- Verwarrende riglyne: Kinders moet weet wat van hulle verwag word. Reëls moet eenvoudig en duidelik wees. Mense oorskat dikwels kinders se vermoë om hul verwagtinge te verstaan. (Enige 5 × 2) (10)

2.2 2.2.1

- Oorerflikheid
- Vertraagde blaasontwikkeling
- Lae antidiuretiese hormoon (ADH)
- Diep slapers
- Kleiner funksionele blaas
- Hardlywigheid (Enige 5 × 1) (5)

2.2.2

- Moedig die kind aan om voor bedtyd toilet toe te gaan.
- Beperk die kind se vloeistofinname voor bedtyd.
- Moedig die kind aan om betyds toilet toe te gaan nadat hy/sy wakker geword het.
- Bedek die matras met plastiek.
- Gebruik bednatmaak-alarms wat urine waarneem en die kind wakker maak om toilet toe te gaan.
- Volwassenes moet kinders op die gepaste tyd leer om die potjie te gebruik.
- Vermy potjiedissipline wanneer die kind emosionele probleme ervaar, bv. spanning, egskeiding, verhuising, hospitalisasie.
- Moedig die kind aan om klere te dra wat maklik uitgetrek kan word.
- Doen blaasoefeninge.
- Wees ondersteunend, simpatiek en moenie die kind straf of spot nie.
- Trek die kind se aandag af, bv. deur 'n storie te vertel.
- Hou altyd ekstra klere byderhand.
- Raai ouers aan om 'n pediater te sien wat medikasie kan voorskryf. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 2.3.1 Woedeaanvalle verwys na 'n versameling optredes as 'n reaksie op 'n ontstellende gebeurtenis (insluitende die kind wat op die vloer neerval, skop, vuiste slaan, huil, ens.).

2.3.2 'n Pediater is 'n mediese praktisyn wat mediese probleme in die kinderjare behandel.

2.3.3 Pika is 'n eetversteuring wat veroorsaak dat 'n kind vreemde voorwerpe eet.

(3 × 2) (6)

2.4 2.4.1
- Spanning in 'n kind se lewe, bv. 'n nuwe baba in die huis, dood van 'n familielid, verhuising of ouers wat skei of uitmekaar gaan
- Manier om liefde en toenadering aan 'n versorger te wys
- Frustrasie as 'n kind nog nie kan praat om te vra wat hy/sy wil hê nie
- Weet nie hoe om op te tree nie weens oorstimulasie
- Soek aandag
- Voel bedreig omdat hy/sy eerste geslaan/aangeval is
- Manier om beheer van 'n situasie te neem (Enige 6 × 1) (6)

2.4.2
- Probeer kalm bly.
- Maak seker dat die kind wat gebyt is nie erg beseer is nie.
- Moenie in die versoeking kom om iets irrasioneel te doen nie.
- Vra die kind (byter) vir 'n verduideliking.
- Gesels met die kind (byter) oor alternatiewe strategieë om woede te hanteer.
- Probeer uitvind wat tot die voorvalle aanleiding gee as die kind 'n gereelde byter is.
- Verduidelik vir die kind dat dit verkeerd is om te byt.
- Raadpleeg die pediater of skoolonderwyser vir professionele advies. (Enige 5 × 2) (10)

2.5
- Moenie leuens vertel nie, want kinders boots volwassenes se gedrag na.
- Ontleed die situasie wanneer 'n kleuter 'n leuen vertel, m.a.w. identifiseer of dit fantasie of realiteit is.
- As jy die kind direk konfronteer met die bewyse om jou teleurstelling in sy/haar gedrag te verduidelik, sal dit die straf meer aanvaarbaar maak.
- Toon jou teleurstelling in die gedrag – nie in die kind nie.
- In ernstige gevalle, waar leuens die reël eerder as die uitsondering is, moet professionele hulp verkry word. (Enige 3 × 1) (3)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Eenheid 1: Waarneming van die wêreld om ons ("Observing the world around us")
- Eenheid 2: Bewuswording en kennis ('Sensing and knowing')
- Eenheid 3: Vorming en verwantskappe ('Shaping and relating')
- Eenheid 4: Sortering en klassifisering ('Sorting and classifying') (4)

3.1.2
- Sensoriese vaardighede
- Ruimtelike vaardighede
- Meetvaardighede
- Klassifikasievaardighede
- Taalvaardighede (5)

3.1.3
- Die aktiwiteite word in kleingroepe aangebied.
- Daar moet noue kontak tussen die onderwyser en die kind wees.
- Kinders met soortgelyke vaardigheidsvlakke kan saam gegroepeer word.
- Duur van aktiwiteite: 20 minute elk.
- Die onderwyser voer demonstrasies van die aktiwiteite in spesiale omstandigede uit.
- Die onderwyser moet verskillende antwoorde en menings aanvaar.

(Enige 5 × 2) (10)

3.2 3.2.1
- Respek vir die kind
- Absorberende verstand
- Sensitiewe tydperke
- Voorbereide omgewing
- Outo-onderwys (5)

3.2.2
- Sy het respek vir die kind en sy/haar privaatheid.
- Sy is 'n goeie waarnemer.
- Sy weet dat interaksie met kinders belangrik is.
- Sy is gereed om die kinders te lei en te rig.
- Sy wys nie vir die kind uit wat ander kinders doen nie.
- Sy wys nooit vir die kind 'n voorbeeld van hoe dinge gedoen moet word nie.
- Sy moedig die kind aan om selfstandig te wees.
- Sy straf nie die kinders nie.
- Sy trek die kind se aandag af wanneer negatiewe gedrag getoon word.
- Sy hou in gedagte dat dissipline van binne die kind ontstaan.
- Sy is vrolik en entoesiasties.
- Sy laat elke kind teen sy/haar eie tempo werk.
- Sy ontmoedig mededinging. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

3.3
- Elke kind word as 'n unieke individu gewaardeer.
- Montessori-leerders ontwikkel op 'n vroeë ouderdom orde, koördinasie, konsentrasie en selfstandigheid.
- Leerders is deel van 'n intieme, versorgende gemeenskap.
- Leerders geniet vryheid binne perke.
- Leerders word ondersteun om aktiewe kennissoekers te word.
- Selfkorreksie en selfassessering is 'n integrale deel van die Montessori-klaskamerbenadering. (Enige 5 × 2) (10)

3.4
- Geakkrediteerde programme vir mense wat op die gebied van vroeëkinderontwikkeling werk
- Opleiding in die integrasie van diversiteit, onbevooroordeeldheid en niegeweld in opvoedkundige omgewings
- Advies en ondersteuning ná opleiding vir implementering
- Gefasiliteerde dialoog tussen belanghebbendes vir die vestiging van ontwikkelingsinisiatiewe wat vroeëkinderontwikkelingsdienste in gemeenskappe bied
- Toegang vir versorgers tot die program vir familie- en gemeenskapsmotiveerders wat op kinders en hul ouers in hul huise fokus (5)

3.5
- Staatsfinansiering fokus op verhoging van Graad R-befondsing in openbare skole teenoor gemeenskapsgebaseerde Graad R, wat meer algemeen in Suid-Afrika voorkom.
- Fasiliteite in die landelike en benadeelde gebiede ervaar dikwels die grootste behoeftes aan sowel openbare as privaat befondsing, maar tog sukkel hulle om toegang daartoe te verkry.
- Daar is geen toegewese agentskap wat toesig oor die integrasie, implementering en evaluering van die vroeëkinderontwikkelingsprogramme hou nie.
- Vroeëkinderontwikkelingsentrums moet by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling registreer en streng norme en standaarde volg. Dit is 'n uitdaging vir sentrums in arm gemeenskappe.
- Die vroeëkinderontwikkelingonderwysers in benadeelde gebiede ervaar dikwels 'n gebrek aan toegang tot die nodige onderwys en opleiding. Vroeëkinderontwikkeling word nie as 'n aanloklike loopbaan vir opgevoede professionele mense beskou nie. (Enige 3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

SKOOLGEREEDHEID	SKOOLRYPHEID
• Hoofsaaklik liggaamlike ontwikkeling • Slegs een ontwikkelingsarea • Kan nie geforseer word nie • Deur 'n dokter/verpleër bepaal • Waarborg nie sukses op skool nie	• Sluit liggaamlike ontwikkeling in • Ontwikkeling in die geheel • Kan deur stimulasie verwerf word • Deur skoolsielkundige of gekwalifiseerde personeel bepaal • Verseker goeie vordering op skool

(Enige 4 + enige 4) (8)

4.1.2 (a)
- Die kind is skaam en teruggetrokke.
- Die kind huil maklik.
- Die kind reageer traag op instruksies.
- Die kind is huiwerig om voor ander mense op te tree.
- Die kind kan nie van sy/haar ouers geskei word nie.
- Die kind is nie bereid om aan groepsaktiwiteite deel te neem nie.
- Die kind is geneig om te dagdroom.
- Die kind kan nie tussen fantasie en realiteit onderskei nie.

(Enige TWEE)

(b)
- Die kind gebruik babataal.
- Die kind ervaar probleme met die uitspraak van sekere klanke.
- Die kind praat nie vlot nie en hakkel moontlik selfs.
- Die kind kan nie basiese kleure opnoem nie. (Enige TWEE)

(2 × 4) (8)

4.2
- Samel inligting in
- Tel en stel tellingstabelle op
- Doen opname onder eweknieë
- Sorteer voorwerpe
- Maak grafieke met sowel prente as werklike voorwerpe
- Lees en neem waar uit 'n grafiek
- Werk met tellingstabelle en vergelyk resultate met 'n vriend s'n
- Vra vrae oor grafiekresultate (Enige 6 × 1) (6)

4.3 4.3.1
- Die innerlike bewustheid van die twee kante van die liggaam. Hierdie kante word links en regs genoem.
- Die voorkeur wat die meeste mense vir een kant van hul liggaam bo die ander kant toon. (Enige EEN)

4.3.2 Die vermoë om bewegings te maak wat deur die oë gelei en deur die hande uitgevoer word

4.3.3
- Onderskei verskille, insluitende verskille in grootte, vorm, kleur en oriëntasie
- Onderskei met die oë tussen ooreenkomste en verskille van voorwerpe. Klassifikasie en konsepvorming vind tydens hierdie proses plaas. (Enige 1 × 2)

4.3.4 Die vermoë van die brein om inligting deur die ore (klank) te ontvang

4.3.5 Die kind se bewustheid van sy/haar liggaam en die liggaam se moontlikhede (wat dit kan en nie kan doen nie)

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.4 Aktiewe taalontwikkeling vind plaas wanneer die kind aktief aan die taalaktiwiteite deelneem. Passiewe taalontwikkeling vind plaas wanneer die kind se taal deur luister en kyk ontwikkel. (2 + 2) (4)

4.5
- ’n Gevoel van sekuriteit: Liefdevolle versorging sal die kind veilig laat voel en hom/haar help om vertroue in mense te ontwikkel.
- Emosionele gereedheid vir leer: Kinders leer nie met hul brein nie; hulle moet emosioneel gereed wees om te leer. ’n Gevoel van veiligheid sal emosionele gereedheid bevorder.
- Aanvaarding: Die ouer en versorger moet die kind aanvaar soos hy/sy is. Elke kind is ’n individu en moet gewaardeer voel.
- Uniekheid: Elke kind is anders en elke kind is uniek. Wees realisties in jou verwagtinge van die kind en moet hom/haar nie met ander kinders vergelyk nie. Hou in gedagte dat dit ook nie raadsaam is om die kind se vermoëns te onderskat nie. Vergelyk die kind teen die ontwikkelingsfases van sy/haar ouderdom.
- Erkenning en waardering: Elke kind is afhanklik van erkenning en waardering. Prys jou kind en moedig hom/haar aan.
- Gevolglike gedrag: Reëls en riglyne moet duidelik wees. Dubbele standaarde verwar kinders.
- Dissipline: Kinders moet gedissiplineer word. Hulle moet leer watter gedrag is aanvaarbaar en watter nie. Dissipline skep ’n gevoel van veiligheid.

(5 × 2) (10)

4.6
- Deelname aan sport
- Bewegings wat stap, marsjeer, draf, huppel, spring, swaai, hardloop, ens. insluit
- Balspeletjies
- Hindernisbane
- Kruipoefeninge
- Touloop
- Spring in en uit ’n hoepel
- Rol om op ’n mat
- Gly oor ’n balanseerbalk (Enige 2 × 2) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou